

Las-las kry jy 'n ... sierlap!



Laslapwerk bly bekoor en inspireer.
Krap al jou rooi en wit reslappies uit
en maak self so 'n pragstuk. Versorg
deur Riana van der Merwe

MATE

Die voltooië deurstiklap is sowat 90 x 138 cm. Die lap is saamgestel uit 5 malvablokke en 10 laslapblokke. Die blokke is in 5 stroke van 3 blokke elk gerangskik en met stroke aan mekaar gewerk. 'n Effekleurige strook om die rand rond dié besondere stuk handwerk mooi af.

Die hele lap word laastens deurgestik.

JY HET NODIG

Katoen: 50 cm met groot blomontwerpe; 50 cm met verskillende blommotiewe; 50 cm met verskillende ruitpatrone; 1 m sagte groen agtergrondstof; 1,5 m watterseel, 1 m breed; 1,5 m katoenvoeringstof, 100 cm breed; naai- en deurstikgare in kleur van kleedstof; stewige plastiek of karton om patroonplate uit te sny; handwerkmessie; staalliniaal; sagte potlood; rolmes en snyplaat; deurstikring.

MAAK SÓ

1. Maak die patroonplate:

- 1 vierkantige plaat van 6 x 6 cm.
- 1 driehoekige plaat – sny vierkant van 6 x 6 cm en sny dit dan diagonaal deur sodat jy 2 driehoekie verkry.
- 1 reghoekige plaat van 6 x 18 cm.

2. Maak die laslapblokke:

- Kyk goed na sketse. Maak 4 blokke volgens patroon A, 4 blokke volgens B en 2 blokke volgens C. Bepaal kleure en motiewe van elke blok volgens afwisseling tussen lig en donker soos jy op foto kan sien. Trek buitelyne van patroonplaat op verkeerde kant van kleedstof na – maak seker draadrigting lê parallel aan 1 van sye van patroonplaat. Voeg naattoelating rondom by en knip uit.

- Speld stukkie vir 1 blok langs mekaar op servet vas sodat jy resultaat kan sien. As jy nie tevrede is nie, kan jy dit nou nog verander. Stik lappies aan mekaar vas om blok te verkry soos op skets.

- Maak seker draadrigting om rande lê in regte rigting – blok behou dan sy vorm beter.

3. Maak die bane:

- Knip nou ook 2 maal 24 driehoekie vir verbindingsstroke uit geblomde en geruite lap. Stik driehoekie twee-twee aan mekaar vas om vierkante te verkry. Knip nou ook uit verskillende ruitjieslap 38 stroke van 6 x 18 cm met naattoelating bygereken.

- Stik lappies aan mekaar vas: 1 blokkie en dan 1 lang strook, soos op tekening. Maak 6 sulke bane. Maak bane van blokke deur blokke met 1 strook tussen elkeen aan mekaar te stik soos op skets. Stik bane aan mekaar vas – volgens skets.

- Knip 2 stroke van 92 x 6 cm, plus naattoelatings, vir bo en onder en 2 stroke van 140 x 6 cm, plus naattoelatings, vir lang sye. Stik dié stroke rondom vas. Stryk naattoelatings na een kant toe.


4. Doen die deurstikwerk:

- Jy kan nou bokant deurstik. Lê voering met RK ondertoe op gladde oppervlak neer. Plak hoeke met maskeerband aan oppervlak vas. Lê watterseel glad op voeringstof en dan laslapdeel met RK boontoe. Stryk van middel af met die hand glad en speld sorgvuldig van binne na buite.


- Ryg deur al 3 lae in horisontale en vertikale




foto's MARGRIET




BLOK A




1




2




3




BLOK B




1




2




3




BLOK C



1



2



3

lyne, 10 cm uitmekaar. Verwyder maskeerband.

c. Gebruik deursigtige liniaal om ligte potloodlyne diagonaal deur blokke, sowat 4 cm uitmekaar, te trek. Span werk in deurstikraam en werk klein, reëlmatige stekies op lyne, deur alle lae. Begin en eindig met knopie, trek dit dan deur sodat dit tussen lae inglip. Gebruik deurstiknaald en -gare.

d. Stik hele lap só deur. Werk van binne na buite.

5. Afwerking:

a. Ryg buiterande sodat deurstiklap reghoek van 90 x 138 cm vorm. Knip alle oortollige kleedstof af. Laat naattoelating van 7 mm.


b. Knip 2 stroke van 5 x 92 cm, plus naattoelatings, en 2 stroke van 5 x 140 cm, plus naattoelating.

c. Vou oorlangs dubbel en stryk. Lê sorgvuldig op rand van deurstikwerk neer met gevoude sy op 7 mm-merk en stik vas. Vou rafelrande om, vou om en werk netjies vas. Vou hoekies binnetoe en stik vas.

d. Verwyder alle ryggrade en borduur naam van maakster, plek en datum op 1 hoek.

WENK

• Sny patroonplate uit deursigtige plastiek – só kan jy patrone op kleedstof makliker op blokkie pas.




138 cm


90 cm



= 6 x 6 cm



TUSSENBANE



= 18 x 18 cm

GEVERFDE TASSIES

JY HET NODIG

Gewone kartonkoffertjie; goeie standaardplakkaatverf, kleure na keuse; kwaste; potlood; prente uit inkleurboeke; deurslagpapier; aanspuitvernis.

MAAK SÓ

1. Trek prente met deurslagpapier op tassies na. Plak papier en prent liggies met kleefband vas.
2. Verf prente mooi. Laat goed droog word.
3. Trek buitelyne met dik viltpen.
4. Spuit dun lagie vernis aan en laat goed droog word.





foto PIERRE VAN DEN BOSCH; plakkaatverf van BRASCH HOBBY, landwyd beskikbaar by kuns- en stokperdjiewinkels; modelle LAURÉ en FRANÇOIS